

Woensdag 7 Maart

Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:11-12

Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:11-12

Lewe elke dag en in alle omstandighede soos 'n verlose kind van die Here!

As gelowige moet jy reg lewe! Nie soos die sondige wêreld nie, maar anders.

Dit is Petrus, een van die 12 dissipels, se oproep in sy brief aan die gelowiges wat vreemdelinge en bywoners in Klein-Asië is: “Gedra julle altyd goed ...” (vs 12).

Hulle omstandighede was moeilik omdat hulle as vreemdelinge in 'n vreemde land tussen vreemde mense gewoon het wat nie in Jesus Christus geglo het nie. Omdat hulle geen vaste eiendom mag besit het nie, kon hulle slegs as bywoners verblyfplek kry – wat hulle baie kwesbaar gemaak het. So was hulle uitgelewer aan die eienaar van die grond en was hulle dikwels die prooi van diskriminasie en verontregting.

Petrus bemoedig hulle en sê vir hulle: “Gedra julle altyd goed onder die heidene.” Al beledig hulle julle, al diskrimineer hulle teen julle, al word julle mishandel en beledig omdat julle minderwaardige vreemdelinge en bywoners is ... moet dan nie reageer deur dieselfde gesindheid as hulle te openbaar nie. “Gedra julle altyd goed ...” Hulle moet julle voor-beeldige lewe sien en God verheerlik. Volhard daarin om te lewe soos verlose kinders van die Here, want so wen julle ander vir die koninkryk van die hemele.

Hierdie opdrag, wat nie so maklik is nie, spreek elkeen van ons aan. Laat jou lig in 'n donker wêreld skyn. Wees lewende getuies van Jesus Christus, al stel dit by tyd hoë eise. 'n Moeilike opdrag! Al is hierdie gelowiges in Klein-Asië in die oë van ander minderwaardige bywoners, van die laagste sosiale stand, is hulle voor God nie vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en huisgenote van God, lewende stene van die gebou waarvan Christus self die hoeksteen is (Ef. 2:19, 20).

Wat 'n kosbare erfenis! Dit is ook jou kosbare erfenis as 'n gelowige kind van die Here!

Sing: Psalm 16:3 (1936)

Ds. PJ (Pieter) van der Walt (Emeritus)